

Hou moed, strew en sorg!

Heb 12:12-17

8 Januarie 2023

1. Vantevore: Gelowiges mag met vrymoedigheid in heiligdom ingaan (Heb 10:19-20), moet nie die vrymoedigheid prysgee nie (Heb 10:35), deurdat hulle volhard in die geloof (Heb 11:36,38). Om in te gaan is 'n wedloop gekenmerk deur stryd (Heb 12:1-4). Die Here tugtig die wat Hy liefhet en bewerk so 'n vrug van geregtigheid (Heb 12:12-17)
2. Heb 12:12-17 – Drie noodsaaklike fokusareas tydens die wedloop om maksimum voordeel te trek: (1) Hou moed! (Heb 12:12-13) (2) Strew! (Heb 12:14) (3) Sorg! (Heb 12:15-17)
3. Hou moed! (Heb 12:12-13)
 - a. “Daarom” (v12) – hier volg raad om te vorder in vredevolle vrug van geregtigheid
 - b. Slap hande en lam knieë – tipies van 'n wedloop met stryd en tugging
 - c. Dieselfde oproep in Jes 35:3-6 – daar is die oproep: Hou moed – God bring die verlossing
 - d. Maak die paaie reguit: Spr 4:25-27 - Kyk vorentoe na Jesus as Leidsman en Voleinder (Heb 12:2)
 - e. Trek die wapenrusting van God aan – inhoud is Jesus (Ef 6:10-18)
4. Strew! (Heb 12:14)
 - a. Streef = om bewustelik en met moeite jou in te span
 - b. Streef na vrede met almal
 - Interpretasies: Ons moet met almal streef na vrede (Moffat) vs Ons moet streef na vrede met almal (Pink, Olyott, meeste vertalings, Rom 12:18, Mat 5:9, Heb 13:20)
 - Ons moet ons naaste liefhê soos onself – sluit in ons moet streef na vrede
 - Voorbeeld van Jesus (1 Pet 2:23)
 - c. Streef na heiligmaking
 - Streef na persoonlike, praktiese heiligmaking, want God is heilig (1 Pet 1:16)
 - Ons moet God bo alles liefhê – sluit in ons moet streef na heiligheid
 - Strew na heiligheid neem prioriteit bo strew na vrede met alle mense
 - Sonder heiligmaking sal niemand God sien nie (vgl Heb 11:27)
5. Sorg! (Heb 12:15-17)
 - a. Sien toe dat niemand die genade van God verspeel nie (Heb 12:15)
 - “Verspeel” (DAV) verkieslik bo “afvallig word” (NAV)
 - Moet toesien dat mense nie met God se genade speel nie (Heb 6:4-6)
 - Lei tot bitterheid, moeilikheid en besoedeling (vgl Deut 29:16-20)
 - b. Sien toe dat niemand sedeloos of goddeloos optree nie (Heb 12:16-17)
 - Fisiese sedeloosheid is 'n gruwel (1 Kor 6:9-10), maar fokus is hier waarskynlik op geestelike sedeloosheid (vgl Hosea)
 - Esau het fisiese behoeftes gestel bo God se beloftes (Gen 25:29-34, 27:38)
 - Moet toesien dat niemand sulke goddeloosheid beoefen nie – geleentheid vir bekering gaan verby
6. Toepassings
 - a. Hoe tel jy jou slap hande op en maak jy die pad reguit? Hoe lyk jou verhouding met ander mense? Hoe lyk jou heiligmaking? Hoe lyk jou omsien na ander gelowiges? Hoe lyk jou wense vir 2023? Is verdere tugging deur die Here nodig?